Towerlantern Fotografie

fotografienuus

Februarie 2026

Oubergpas
Sluiterspoed: 1/500 sekonde;
Lensopening: f2; ISO: 50
Met erkenning aan Johann Nel

Baie lesers van Fotografienuus was waarskynlik die afgelope vakansie op reis – al was dit dan net na 'n naburige dorp of stad vir 'n "uiteet". Natuurlik word daar op reis baie foto's geneem – byna altyd ook 'n massa selfoonfoto's.

Ons tema vir die maand is, heel gepas, reisfotografie. En natuurlik kan alle foto's wat gedurende 'n reis geneem is, deurgaan as "reisfotografie". Vir ons doel sal ons wat reisfotografie betref egter 'n afbakening moet maak. Ons sluit dus mens- en dierfotografie uit. (Jammer! Daar gaan al 'n klomp van jou selfoonfoto's!)

Kyk dus weer na jou foto's. Soek, of neem, foto's wat die reuk van die veld, die kleure van blomme of die hitte van 'n bloedig warme somersmiddag uitbeeld – om maar 'n paar sake te noem.

Lees gerus verder – neem kennis van Johann Nel se Mini-galery en ook ons besoek aan die Sweedse hoofstad Stockholm.

Johan

Redakteur: Johan de Klerk
Bladuitleg: Fransa van Colourcode Designs

Wil jy graag 'n bydrae lewer tot Towerlantern se nuusbrief?
Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers,
en nie van Towerlantern self nie. Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.

voorbladfoto

Fouriesburg: Maluti-berge in verte

Die voorbladfoto van Johann Nel is 'n mooi voorbeeld van reisfotografie. Meer nog, as mens bekend is met die droër dele van ons land, dan ruik jy die veld en, amper, proe jy die stof van die grondpad waarop jy ry. Die foto is dus nie net mooi kleure nie, dit dra ook nog reuke en herinneringe.

Hœwel ons by Fotografienuus die klem lê op kamerafoto's, kyk ons beslis nie selfoonfoto's, soos die voorbladfoto, mis nie. Ook die foto hierby is 'n selfoonfoto.

Ons sal nooit selfoonfoto's afskiet nie. Almal besef, ook terwyl jy aan die ry is, dat dit makliker is om selfoonfoto's as kamerafoto's te neem. Veral as die grondpad lank word en so ook die skaduwees. Daarteenoor is dit wel dikwels só dat kamerafoto's van 'n besondere kwaliteit is, veral vir vergroting.

Die voorbladfoto se kamera-besonderhede word by die foto gegee. Verdere inligting is die volgende. Die foto is op Oubergpas teen ongeveer 19:30 geneem met 'n Huawei Waiselfoon. Die ligging is ongeveer 40 km suid vanaf Sutherland in die Noord-Kaap.

Reisfotografie tema & wenke

Die skrywers Philip Dodd en Ben Donald meld in hul boek *The book of Cities*, waarin meer as 200 stede beskryf word, die volgende: "We have tried to blend history, topography and architecture with sounds, aromas and vistas and the character of the citizens." Laat dit ook jou uitgangspunt wees met jou reisfoto's. En, soos ons reeds genoem het, benadruk reuke, kleure en gevoel van die plekke waar jy reis.

Middedorp, Swakopmund, Namibië

Ons help met 'n paar wenke, en besef dat as dit by reisfotografie kom, baie sake nog bygevoeg kan word. Algemene sake, soos maak jou lense skoon, herpak jou kamerasak, ken jou bestemming, en, nog meer, word nie genoem nie.

- Besluit vooraf op sekere foto-onderwerpe by 'n bepaalde bestemming, byvoorbeeld straatnaamborde, tipes motors, winkelvensters.
- Maak reuke jou onderwerp, byvoorbeeld kruie, speserye, restaurante.
- Fotografeer argitektuur, byvoorbeeld kerke, standbeelde, geboue.
- Soek na water, byvoorbeeld (brand)krane, fonteine, waterliedammetjies.
- Kyk uit vir weerkaatsings, byvoorbeeld winkelvensters, glasgeboue, waterplasse.
- Stel jou in op impressionistiese foto's, byvoorbeeld van motors, mense en diere (laasgenoemde twee gaan nie hier deur as mens- of dierfotografie nie).
- Leef jou in op boekwinkels, restaurante, haarsalonne en ander bedrywe. Let op na tale anders as Afrikaans en Engels, byvoorbeeld Hollands, Duits, Sotho.
- Stop op veilige plekke langs paaie om foto's te neem, beklemtoon byvoorbeeld tipes grondpaaie, gesteentes, plante.
- Hou veiligheid voor oë en neem tientalle foto's – dit kan vreugde, plesier en blydskap verskaf.

RIGLYNE VIR LANDSKAPFOTOGRAFIE

VOORAF Omdat reisfotografie so wyd is, maak ons 'n spesifieke keuse en gee riglyne daarvoor. Die toneel hierby is restaurant-ligte helder oordag, met luim. Gebruik beslis 'n driepoot met die kamera daarop gemonteer.

TIPE LENS
Gebruik enige lens wat wyd genœg is om die toneel ten volle in te pas.

FORMAAT
Neem in landskapformaat af, of varieer die moontlikhede.

ISO
Stel die ISO op die laagste waarde, tipies 100, en hou dit daarby.

WITBALANS
Stel die witbalans op kunsmatige beligting.

FOKUSPUNT & ROWWE FOKUSSERING
Kies 'n punt wat ook die trefpunt gaan wees, byvoorbeeld ligte.

LENSOPENING
Kies 'n groot lensopening, byvoorbeeld f5,6.

SLUITERSPOED
Stel die sluiterspœd vir 'n begin volgens die liniaal, en onderbelig dan stap-vir-stap om luim te skep.

Swakopmund, Namibië; foto oordag geneem om 10:45

FYN FOKUSSERING
Kontroleer die fokussering weer.

Towerlantern Fotografie
- februarie 2026 -

LAASTE WENK VIR REISFOTOGRAFIE

Dit kan nie genœg beklemtoon word dat jy jou gœd mœt voorberei voordat jy op reis gaan nie.
Gaan jy byvoorbeeld Namibië tœ, besef dat jy nie in een vakansie die hele land kan besœk nie. Maak 'n keuse en raadpleeg 'n padkaart en internet vir mooi tonele. Net die volgende paar Namibiese eiename behoort jou al lus te maak om daarheen te reis: Tsarisberge, Solitaire, Khomas Hochland, Vogelfederberg en Spitzkoppe. Ons herhaal dus, maak 'n lys van plekke, dinge, tonele, ensovoorts, voordat jy gaan – en hou die lys byderhand. En vra jouself af: Wat dœn mens op Solitaire? Wel … jy eet appeltert en drink 'n bier!

Spitzkoppe, tussen Walvisbaai en Windhœk

KOMENDE KURSUS: GEVORDERDEVLAK

BELANGRIKE
NUUS

Het jy onlangs die eerstevlakkursus afgehandel, of wil jy die rœs van ou kennis afkrap? Oorweeg dan om ons gevorderde kursus by te woon. Jy sal verbaas wees hœveel jy gaan leer.

Jy kan hierdie kursus direk dœn nadat jy die eerstevlakkursus afgehandel het. Daar kan selfs 'n mate van oorvleueling wees aangesien die tweede kursus by dieselfde onderwerpe begin as die eerste. Ons nœm dit want soms reken mense hulle mœt na die eerste kursus self eers œfen voordat hulle die volgende aanpak. Dit is egter 'n denkfout – die tweede is juis 'n inskerping van die eerste.

Die inhoud van die kursus kan soos volg saamgevat word:

- ✓ Komposisie en kleur
- ✓ Lig – en jou kamera
- ✓ Lig – jou kreatiwiteit en die kamera
- ✓ Van kreatiwiteit tot kunsfotografie
- ✓ Met kreatiwiteit na stillewefotografie
- ✓ Met kreatiwiteit na mens- en dierfotografie
- ✓ Met kreatiwiteit op reis en na die natuur

ALGEMEEN:

Die kursus bestaan uit 8 klasse en strek oor 8 maande. Aandag word veral gegee aan praktiese aspekte van hierdie genres.

VEREISTES:

'n SLR-kamera met verstelbare instellings word sterk aanbeveel. So ook 'n driepoot.

AANVANGSDATUM:

Die begindatum is DV teen die tweede helfte van Februarie 2026. Kontak ons vir nadere inligting.

WERKWYSE:

Die klasse word een keer per maand aangebied. Die kursus strek dus oor 8 maande. As jy ver van Potchefstroom woon, kan jy die kursus selfs ook aanlyn dœn.

PRYS:

R1 000, waarvan 'n deposito van R500 vooraf betaalbaar is met registrasie, en R500 by die eerste klasgeleentheid.

Kontakpersoon en -adres: Johan de Klerk 082 884 7061; johan@towerlantern.co.za

Towerlantern Fotografie
- februarie 2026 -

BELANGRIKE

NUUS

KOMENDE KURSUS: SPESIALISKURSUS

Ken jy jou kamera gœd, maar jy wil jou graag op bepaalde onderwerpe dieper ingrawe? Dan is ons Spesialiskursus net die regte keuse vir jou.

Ons varieer die inhoud in 'n mate van jaar tot jaar. Vir 2026 beplan ons om tweemaandeliks aandag te gee aan 4 van die volgende genres:

- ✓ Natuurfotografie
- ✓ Nabyfotografie
- ✓ Mensfotografie
- ✓ Impressionistiese fotografie
- ✓ Kreatiwiteitsfotografie

Sou jy in hierdie sake belangstel, word jy uitgenooi om vir hierdie kursus in te skryf. As daar ander fotogenres is wat jy verkies, nœm dit gerus, dan gesels ons daaroor. Die verdere inligting is soos volg:

Kontakpersoon en -adres: Johan de Klerk
082 884 7061; johan@towerlantern.co.za

Algemeen: Die kursus bestaan uit 8 klasse en strek oor 8 maande. Aandag word veral gegee aan praktiese aspekte van hierdie genres.

Vereistes: 'n SLR-kamera met verstelbare instellings is noodsaaklik. So ook 'n driepoot.

Aanvangsdatum: Die begindatum is DV teen die tweede helfte van Februarie 2026. Kontak ons vir nadere inligting.

Werkwyse: Die klasse word een keer per maand aangebied. Die kursus strek dus oor 8 maande. As jy ver van Potchefstroom woon, kan jy die kursus selfs ook aanlyn doen.

Prys: R1 000, waarvan 'n deposito van R500 vooraf betaalbaar is met registrasie, en R500 by die eerste klasgeleentheid.

Towerlantern Fotografie
- februarie 2026 -

GAAN OP REIS

saam met Towerlantern

... na Stockholm, hoofstad van Swede

Stockholm, Swede

Towerlantern Fotografie
februarie 2026

GAAN OP REIS

saam met Towerlantern

Almal besef dat 'n rugsak vol kameratœrusting swaar kan word as jy dit ver mœt dra. Maar as dit dan mœt, dan sou mens darem seker wou wees dat dit die mœite werd is – en dat die pad begaanbaar is. En reis jy na 'n stad mœt veiligheid vanselfsprekend ook 'n rol speel.

Die blad *Greek Reporter* gee onder die titel "10 Most Walkable Cities in the World" die 10 mees stapvriendelike stede in die wêreld. Hierdie stede is:

- Florence, Italië
- Riga, Letland
- Hamburg, Duitsland
- Porto, Portugal
- Madrid, Spanje
- Edinburgh, Skotland, VK
- Tallinn, Estland
- Stockholm, Swede
- Sydney, Australië
- Boston, VSA

By die saamstel van so 'n lys besef mens dat dit baie subjektief kan wees. Daarom mœt daar 'n motivering wees, en stel die genœmde blad hul uitgangspunt soos volg:

In these places, a simple stroll often feels like sightseeing. Narrow lanes, waterfront paths, and tree-lined parks link major landmarks within minutes, allowing visitors to move from cafés to viewpoints without relying on taxis. Planners say this mix of beauty, accessibility, and thoughtful design is helping set the standard for walkable cities worldwide.

As lusmaker uit hierdie lys neem ons jou op reis na Stockholm, die hoofstad van Swede. Swede is deel van 'n groep lande in die noorde van Europa wat bekend staan as die Skandinawiese Lande. Dit sluit ook Denemarke en Noorweë in. Raadpleeg ook die kaart hierby.

Towerlantern Fotografie

- februarie 2026 -

Om mee te begin gee ons die volgende wetenswaardighede vir 'n besœk aan Stockholm:

- Stockholm is die hoofstad van Swede, maar is nie 'n besonder groot hoofstad nie, met 'n inwonertal van ongeveer 989 000 inwoners.
- Stockholm staan bekend as die Venesië van die noorde weens sy prag.
- Die stad is opgerig op 14 eilande, verbind met brûe waarmee stads- en natuurlewe gekombineer word.
- Dit is die eerste Europese stad met status Grœn Stad (2010) met baie parke, skoon lug en water waarin daar selfs geswem kan word – dit alles in die middestad!
- Die ou deel van Stockholm, Gamla Stan, is 'n paradys van besienswaardighede vir tœriste, en natuurlik vir fotograwe.
- Stockholm is die gasheerstad vir die tœkenning-seremonies van die Nobelprys – die Vredesprys uitgesonder.
- Saam met sy buurstad Uppsala deel hulle dieselfde lughawe, naamlik Arlanda-lughawe.

Die ou deel van Stockholm, Gamla Stan, se begin kan terug gevœr word na 1252. Dit bestaan uit die eiland Stadsholmen, en sluit ook die eilandjies Riddarholmen, Helgeandsholmen en Strömsborg in. Die gebied word gekarakteriseer deur sy middeleeuse argitektuur. Die meeste van die geboue dateer terug na die 16e en 17e eeu. Gamla Stan kan beskou word as 'n lewende museum – en is dus 'n fees vir die oog, en vir fotograwe.

Nog een van die baie tœriste-aantreklikhede wat beslis besœk mœt word, is die Vasa-museum (Sweeds: *Vasamuseet*). Die skip Vasa was 'n Sweedse oorlogskip wat tussen 1626 en 1628 gebou is. Die skip het op 10 Augustus 1628 op haar nooiensvaart uit die hawe van Stockholm vertrek. Net buite die hawe, na slegs 1,3 km se vaart, het die skip skielik gesink!



Die gerestoureerde skip Vasa in die Vasa-museum

Die meeste van die brons skeepskanonne is later herwin, maar die skip as geheel het vergete geraak. In die laat 1950s is die gesinkte skip weer gevind. In 1961 is dit geberg. Die romp was in 'n groot mate behoue. Die skip is gerestoureer en word tans in die Vasa-museum uitgestal. Vanaf 1961 tot aan die begin van 2025 is die skip al deur meer as 45 miljœn mense gesien!

Vir reisigers, in die besonder fotograwe, is dit beslis die mœite werd om hierdie museum te besœk. Met my eie besœk aan die museum twee dekades gelede, was my ervaring wel dat jy nie ver genœg kan kom om die skip as geheel te fotografeer nie. Jy mœt dan maar tevrede wees met die fotografering van onderdele van die skip, soos maste, houtwerk, bœgbeelde en ander skeepsversierings.

Waterwerke, Stockholm, Slussen

Gamla Stan, Stockholm

Gaan gerus op hierdie twee kort visuele tœre:
https://share.google/sUWp-NXCyR35Qg1NTK
https://youtu.be/W5hT0DRYrnE

Die amptelike taal van Swede is Sweeds. Kyk mens na 'n kaart van Swede, kan plekname vreemd voorkom. Tog is Afrikaans en Sweeds verlangs familie van mekaar. Albei tale is lede van die Germaanse taalgroep, met Afrikaans (saam met onder andere Nederlands, Engels en Duits) lede van die Wes-Germaanse taalgroeptak en Sweeds (saam met onder andere Deens) lede van die Noord-Germaanse taalgroeptak. Die volgende kort lys wys ooreenkomste (sommige opgeteken tydens 'n vroeëre besoek aan Stockholm en sy buurstad Uppsala):

Entonigt klingar den lilla klockan
Eentonig lui die klein klokkie

Livsfarlig ledning över spåren (treinstasie)
Lewensgevaarlike leiding bokant spore

Jag år sjuk, var år det nårmaste apotek?
Ek is siek, waar is die naaste apteek?

Hång upp stolarna efter avslutad lektion
Hang op die stoele na afsluiting van die lesing

Fotogalery, Stockholm

Towerlantern Fotografie
- februarie 2026 -



GRONDPADBERGPASSE

Suid-Afrika is geseënd met baie bergpasse. En dit kan nie anders nie: Begin jy by enige plek aan die kus en reis na die binneland, merk jy die volgende op: Jy mœt elke keer iewers teen die platorand uitry om bo-op die plato, die hoëveld, te kom – dit is soos 'n omgekeerde piering.

Reis jy byvoorbeeld van Natal die binneland in, is dit die Van Reenenspas oor die Drakensberge waarlangs jy reis; van die suide, byvoorbeeld vanaf George, is dit die Outeniekwapas oor die Outeniekwaberge; en van die weste, Vanrhynsdorp se omgewing, is dit die Vanrhynspas oor die Bokkeveldberge.

Die probleem vir fotograwe is dat hierdie genœmde passe, en nog baie ander, pragtige teerpadpasse is, met min stopplekke. Daarmee mœt jy as reisiger en fotograaf maar vrede maak.

Gelukkig is daar ander passe, grondpadpasse, waar daar meer stopplekke is en waar jy as fotograaf, as die tyd aan jou kant is, na hartelus foto's kan neem en jou drome kan uitleef.

Begin van Oubergpas

Een so 'n pas is die Oubergpas in die Noord-Kaap, waar die voorbladfoto geneem is, en waarheen Johann Nel in die Mini-galery verderaan ons neem. Ook die foto hierby is van die Oubergpaspad.

Ons wil in hierdie en verdere uitgawes van Fotografienuus oor grondpadpasse gesels. Veral omdat dit soveel fotomoontlikhede bied.

Ons gaan dan op reis en begin met hierdie pas. Die Oubergpas is geleë tussen Matjiesfontein (suid op die kaart) en Sutherland (noord op die kaart) in die Noord-Kaap, ongeveer 40 km voor laasgenœmde dorp.

Soos alle passe, in die besonder grondpadpasse, is die Oubergpas nie bedœl om 'n resiesbaan te wees nie. Die pas het baie draaie en kronkels, waaronder 8 haarnaalddraaie en nog 'n verdere vier draaie skerper as negentig grade. Daar is ook

'n paar styl opdraandes (of afdraandes, afhangend van hœ om jy ry). Die pas het baie fotomoontlikhede, veral vanaf die uitkyk-punte.

'n Naburige pas is die Verlatekloofpas. Net die naam sê al alles (en is ook 'n fotomoontlikheid vir begeesterdes). Dit is van belang om alle passe versigtig te benader, juis ook die Oubergpas. Dit is altyd van pas om nie 'n pas met 'n læ motor en sagte bande aan te durf nie.

Die Oubergpas is van die vrœë rœtes wat gebruik is vanaf die Kaap na die binneland. Bœre het dit ook vrœër gebruik om jaarliks met hul vee te trek om die koue Karoo-winters te systap. Gedurende 1968-1969 is die huidige pas/pad gebou. Met die koms van geteerde rœtes van die Boland die binneland in het die Oubergpas sy glans verloor – totdat dit in die moderne tye deur 4x4 entœsiaste ontdek is. Geniet dus hierdie pas wat deel is van wat ook bekend staan as "Die vergete hoofweg".

As jy onlangs een of ander grondpadpas aangedurf het, stuur gerus dan vir ons van jou foto's en gee 'n beskrywing daarby. Ons plaas dit graag.





OP INTERNET GESIEN

Die webblad, *My Modern Met*, het 'n lys saamgestel van hul gunsteling foto's van 2025. Die foto's strek oor verskillende genres, en kan hier besigtig word by: https://mymodernmet.com/best-photos-of-2025/

Hierdie foto is geneem deur Luis Arpa. Die fotograaf gee die volgende inligting in verband met die foto en hœ dit geneem is: *An image of a juvenile Pinnate Batfish in Indonesia, "captured using a slow shutter speed, snooted light, and deliberate camera panning."*

Het jy al daaraan gedink om 'n lys van jou eie gunsteling foto's saam te stel? Kyk bietjie terug deur die jaar, en maak 'n lys van jou top 10. Jy is welkom om dit met ons te deel.



OP INTERNET GESIEN

Alan Schaller se foto's is "moody" en karaktervol. Met slegs swart en wit word daar atmosfeer geskep en die kyker se aandag word gebœi.

Ons dink partymaal dat swart-en-wit foto's eenvoudig is. Maar die oomblik wat jy nie meer op kleur as element kan staatmaak nie, mœt jy fokus op lyne, teksture en die kontras tussen lig en donker.

Kyk hier na sy reeks "Metropolis":
https://www.alanschaller.com/series-metropolis

FOTO-*idees*

Ons plaas maandeliks 5 of 6 foto's in Fotografienuus wat dien as idees vir jou as fotografie-liefhebber om na te dœn. Jy kan jou gewone kamera of selfoonkamera daarvoor gebruik. As jy vœl jy het met so iets gœie sukses behaal, stuur dan gerus van jou foto's vir ons vir plasing in Fotografienuus.

Towerlantern Fotografie
- februarie 2026 -

FOTO-*idees*

Idee 1: Mœnie min dink van 'n grondpadpas nie, dit kan wonderlike geleenthede vir foto's gee; soos die "passie" tussen Potchefstroom en die Vredefortkœpel, met laatmiddag skaduwees.

Towerlantern Fotografie

- februarie 2026 -

FOTO-idees

Idee 2: Neem minstens een foto tydens jou pasbesœk met jou motor daarin vir konteks.

Towerlantern Fotografie

- februarie 2026 -

FOTO-idees

Idee 3: Mœnie vergeet van impressionistiese grondpaaie nie!

Towerlantern Fotografie
- februarie 2026 -

FOTO-idees

Idee 4: Fotografeer naamborde langs die pad – dit lewer later herinneringe.

FOTO-idees

Idee 5: Met jou vertrek, maak seker jy het al jou kameratœrusting ingelaai. Jy mag slegs spore agterlaat.

Mini-galery

VAN
JOHANN NEL

Ons gee maandeliks aan ons lesers geleentheid om van hul beste foto's vir publikasie te stuur en om só iets van hul fotografie-lewe met almal te deel. Hiermee word jy uitgenooi om foto's vir ons te stuur.
Ons stel die volgende as algemene riglyne:

- Stuur 10 van jou beste foto's in met grootte ongeveer 500 kB elk. Daaruit sal 'n keuse van tot 6 foto's vir publikasie gemaak word.
- Kies die foto's só dat dit ongeveer dieselfde tema het. Die tema kan wyd wees – daar is geen beperking op die fotomateriaal nie.
- Indien nodig, verkry skriftelik toestemming vir die plasing van mensfoto's in Fotografienuus.
- Stuur 'n beskrywing van ongeveer 200-250 woorde oor enige aspek rakende die foto's of jou persoonlike belewing daarvan.

Rondomtalie-tœr:
My seun Christo Nel se Sestigste!

Ek en my oudste seun Philip (62) vertrek op 9 Desember 2025 op 'n familietœr na Sutherland toe, waar my seun Christo woon, vir sy sestigjarige verjaardagfees. Saam met my derde seun, en die gesinne, het ons baie lekker gekuier en ook foto's geneem. Ons reis het ons deur 'n groot deel van die land geneem.

Ek lig 'n paar aspekte van ons tœr uit met van my gunsteling foto's hierby.

Die eerste dag se reis neem ons van Ventersdorp na die Vanderkloofdam (590 km verder) waar ons die nag oorbly. Die foto's wys gedeeltes van die oorlopende dam in die Gariep.
Van Vanderkloofdam af reis ons via Philipstown, Hanover en Colesberg 400 km tot by Wolwevlei, 'n familieplaas ongeveer in die middel van 'n driehoek, gevorm deur die dorpe Middelburg, Cradock en Graaff-Reinet. Dis Karoo-wêreld, maar die veld is pragtig mooi groen.

Towerlantern Fotografie
- februarie 2026 -

Die volgende dag reis ons nog verder – 450 km oor Graaff-Reinet, Uniondale na Brenton-on-Sea naby Knysna, waar ons by 'n familielid oorbly. Hierdie dag se ry neem ons deur die Prince Alfred-pas. Dis wœste, bergagtige terrein plek-plek, maar baie besonders, juis vir fotograwe. Die foto toon die omgewing.

Die volgend dag mik ons na Sutherland – weereens 'n paar honderd kilometer. Ons reis neem ons via Oudshoorn, Calitzdorp, Ladismith, Laingsburg en Matjiesfontein na Sutherland. Vir my as geomorfoloog bly die uitgrawings by die Rooinekpas onvergelykbaar mooi.

Ons kuier van 12 tot 16 Desember op Sutherland en omgewing. Ons geniet 'n skaapbraai by die Boorgat-kuierplek en 'n vleisbraai met sononder bo-op Oubergpas. Ons besœk ook SALT (*Southern African Large Telescope*) buite Sutherland en geniet al die spesiale etes by my seun Christo.
Die laaste twee dæ se reis neem ons van Sutherland via Hopetown na Ventersdorp. 'n Onvergeetlike familiekuier en reis, met baie moontlikhede vir reisfoto's. Enkele van die foto's by Oubergpas word hier en op die voorblad gewys.

Towerlantern Fotografie

- februarie 2026 -

Towerlantern Fotografie

- februarie 2026 -

ons hoor graag van ons *lesers*

'n Wonderlike uitgawe, Johan! Veels geluk. Dis nou een e-pos wat ek nie kan wag om te lees nie!

HETTIE ANTUNES, PRETORIA

VERWYSINGS EN BRONNE

Gaan op reis met Towerlantern ...

- Stockholm: https://www.klook.com/city/140-stockholm-things-to-do/
- Greek Reporter: https://share.google/d4busp86iWJJSsl3V
- Kaart: https://www.freeworldmaps.net/europe/scandinavia/scandinavia.jpg

Grondpadbergpasse

https://www.mountainpassessouthafrica.co.za/find-a-pass/northern-cape/367-ouberg-pass.html